

1 November

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 15:1-8

Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 15:2b; Heidelbergse Kategismus Sondag 7 (v/a 22-23)

Wat moet 'n Christen glo?

"As julle aan iets anders vashou, het julle tevergeefs tot geloof gekom."

Reeds in die tyd toe sommige boeke van die Nuwe Testament nog geskryf moes word, het die versameling en bundeling daarvan al begin. Petrus maak byvoorbeeld melding van die briewe van Paulus en stel dit op gelyke basis met "die Skrif" (2 Pet. 3:15-16). Op dieselfde manier is kernelemente van die Apostoliese Geloofsbelydenis (wat eers in die vierde eeu sy finale beslag gekry het) reeds van baie vroeg af in die Christelike kerk bely.

In ons Skrifgedeelte noem Paulus (ongeveer 20 jaar ná die hemelvaart van Jesus) reeds die dood van Jesus in ons plek, sy begrafnis, sy opstanding en sy verskyning aan gelowiges as "die belangrikste" waaraan gelowiges moet "vashou", as hulle geloof nie "tevergeefs" moet wees nie (vs. 2-3). Ook in 1 Timoteus 3:16 vind ons 'n soortgelyke samevatting van geloofswaarhede wat "bo alle teenspraak" en "die geopenbaarde waarheid van ons godsdiens" is. Die feit dat Paulus sê dat hy hierdie waarhede self ook "ontvang" het (vs. 3), bevestig 'n nog ouer tradisie waarvolgens hierdie geloofswaarhede inderdaad tot heel aan die begin van die Christelike kerk teruggaan.

Wanneer jy dus op Sondag, saam met die gemeente, jou geloof volgens die Twaalf Artikels bely, is dit woorde wat deur die eeue opklink. Geslag na geslag het mense (dikwels onder moeilike omstandighede) in hierdie sekerhede hulle hoop en troos gevind. Op menige sterfbed is hierdie woorde met die laaste asem bely, terwyl dieselfde woorde die agtergeblewenes by die oop graf weer geloofsmoed gegee het om die pad wat God aandui, verder te loop. Oordink dus ook vandag weer die Twaalf Artikels as hoofinhoud van jou ongetwyfelde Christelike geloof. Leer hulle uit die hoof, sodat jy jou hart daarna kan rig.

Sing: Skrifberyming 12-2:1-5

Dr. WC Vergeer (Krugersdorp)